

17 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 81-83

Fokusgedeelte: Psalm 81

Wees bly in die Here!

Jubel tot eer van die Here! Sing tot sy eer! Slaan die tamboeryn! Laat die lieflike klanke van die lier en die harp gehoor word!

Só roep Psalm 81 op tot feesvreugde en lofsang! Dit beklemtoon watter belangrike deel van aanbidding lofprysing is. Musiek en sang is onontbeerlik in ons lofprysing en aanbidding – dit vorm die hoogtepunt van ons eerbetoon en dank aan die Here.

Die Here word hier geloof en gedank vir die uitredding uit Egipte. Die uit tog is die groot verlossingsdaad wat vooruitwys na die verlossing van ons sonde deur Jesus Christus. Die gepaste manier om daarop te antwoord, is om die Here se Naam groot te maak en sy lof te besing.

Maar blydskap en lofprysing sonder bekering en gehoorsaamheid is nie tot eer van die Here nie. Sulke lofprysing is hol en sulke mense gee voor dat hulle die Here dien (vers 16). By die oproep tot lof is daar die waarskuwing tot bekering. Israel se ou sondes van ongehoorsaamheid en koppigheid word hier genoem. As hulle maar na die Here wou luister!

Waar lofprysing egter hand aan hand gaan met bekering en gehoorsaamheid, is daar ware vreugde. En dan word die Here waarlik geprys!

Sing: Psalm 81:1,2,15

Dr F van der Walt (Bellville-Oos)